Handgun Hunters Association of Southern Africa



Handwapen Jagtersvereniging van Suider-Afrika

SKIETOPLEIDING VIR HANDWAPENJAGTERS

INLEIDING

Die opleidingstrategie van HWJSA beskryf die opleiding wat aan lede van alle verenigings gebied word op Nasionale vlak.

VISIE

Om aan handwapenjagters opleiding te bied om sodoende te verseker dat opgeleide jagters met selfvertroue, verantwoordelik en sukses kan jag binne die etiese raamwerk van die vereniging.

MISSIE

1. Om praktiese en teoretiese opleidingsmodelle daar te stel, ten einde:

2. Lede te bekwaam in die hantering van jagwapens, kennis van die vuurwapenwet en die natuurbewaringsordonnansie.

3. Bewaring eerste te stel en slegs volhoubare jagbare spesies te jag en te benut.

4. Lede gemotiveerd te hou, aktiewe deelname te bevorder om sodoende eienaarskap van vuurwapens te verseker.

5. Opleiding behoefte te bepaal en ‘n opleiding model beskikbaar te stel en dit te fasiliteer aan wie dit nodig ag deur middel van die vereniging se strukture. Die opleiding sluit die CHASA Bekwaamhiedeksamen vir Handwapenjagters in wat die skut kwalifiseer vir Toegewyde Jagter status.

SKIETOPLEIDING

1. Skiettabelle daar te stel wat jag simuleer in alle tipe habitat en jagbare wild spesies wat daarin voorkom.

2. Kompetisies aan te bied waaraan lede individueel of in groepsverband op streeksvlak en Nasionaal per posliga kan deelneem.

3. Die gebruik van alle jagwapens in die lid se besit te bevorder.

4. Lede ten volle vertroud te maak met skietbaanreëls en veiligheid. Te alle tye die baanbeampte se bevele ten volle te verstaan en gehoorsaam.

5. Elke skut op die skietbaan te respekteer.

OPLEIDINGSTABELLE:

<u>BEKWAAMHEIDSTABEL</u>

1. Toets ‘n skut se skietvaardigheid met ‘n jag-handwapen.

2. Vertroud te wees met skietbaanreëls en veiligheid.

3. Vertroud te wees met die jagwapen en ondersteuning-hulpmiddels.

4. Instel van visiere, groepering herhaalbaarheid en koeëltrajek.

5. Sertifisering: (skiet en teorie) verpligtend om Toegewyde Jagter status te bekom.

Afstand: 20 en 40 meter.
Wapen: Alle tipe jag-handwapens, kaliber en visiere onbeperk.
Telling: 5 skote per afstand wat elk 5 tel. Totaal 50 = 100%
Kwalifiseer: 60% Chasa Sertifisering. (30/50)
Teiken: Chasa / SA Jagters Rooibok.

GEVORDERDE TABELLE

Drie skiettabelle is daargestel om verskillende afstande en habitatte te simuleer.

Bos-tabel**:**

1. Verstaan, oefen en beproef die skut sy / haar vaardigheid vir tipiese rivierbos / kusbos omstandighede om veilige en effektiewe jag te verseker.
2. Is die skut bekend met bos jag afstande, bekend met die wapen, ammunisie en kaliber balistiek.
3. Gemaklik met skietposisies en rus-hulpmiddels.
4. Bekend met skootsplasing en terminale balistiek.

Afstande: 10, 20 en 30 meter.
Tipe wapen: Slegs rewolwers met fabrieks-gemonteerde yster visiere.
Teiken: Chasa / SA Jagters Rooibok.

Savanne-tabel**:**

1. Verstaan, oefen en beproef die skut sy / haar vaardigheid vir tipiese bosveld omstandighede om veilige en effektiewe jag te verseker?
2. Is die skut bekend met savanne / bosveld-jagafstande, bekend met die wapen, ammunisie en kaliber-balistiek?
3. Gemaklik met skietposisies en rus-hulpmiddels?
4. Bekend met skootsplasing en terminale balistiek?

Afstande: 30, 50 en 70 meter.
Tipe wapen: Alle tipe en kaliber jag-handwapens met yster of optiese visiere.
Teiken: SA Jagters / Garipani Blouwildebees.

Karoo-tabel**:**

1. Verstaan, oefen en beproef die skut sy / haar vaardigheid vir tipiese karoo / vlakte-omstandighede om veilige en effektiewe jag te verseker?
2. Is die skut bekend met karoo / vlakte-jagafstande, bekend met die wapen, ammunisie en kaliber-balistiek?
3. Gemaklik met skietposisies en rus-hulpmiddels?
4. Bekend met skootsplasing en terminale balistiek?

Afstande: 70, 100 en 130 meter.
Tipe wapen: Alle tipe en kaliber jag-handwapens met yster of optiese visiere.
Teiken: SA Jagters / Garipani Springbok.